Helpmekaar Kollege

25 April 2025

NUUSBRIEF 8

BEAUTY AND THE BEAST

Beast **Daylan Greyling** *Beauty* **Scarlett Schutte**

1ste prins **Ignus Meyer**
1ste prinses **Imke Boshoff**

2de prins **Christiaan Prinsloo**
2de prinses **Ijanke Naudé**

Mnr. Fotogenies
Anthony Stone

Mej. Fotogenies
Imke Boshoff

Mnr. Persoonlikheid

John-Higgs Venter

Mej. Persoonlikheid

Mienke Serfontein

18

21

Junior Olimpiade

Afrikaans

Graad 8 + 9

DATUM:
Dinsdag, 2 September - Donderdag, 4 September: (slegs één van hierdie middae ná skool).

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS:
Dinsdag, 13 Mei om 12:00

HOE SKRYF EK IN?

- Klik op die skakel en vul jou besonderhede in.

Skryf hier in

- Betaal **R55** in die skool se rekening - gebruik die verwysing: **Naam + van + AFRolimp**. Stuur bewys van betaling na ***wilmarie.brand@helpmekaar.co.za.***

LOOPBAANDAG

Ons Loopbaandag op Vrydag, 14 Maart was ’n insiggewende dag en ’n groot sukses. Meer as 20 uitstallers het ons leerders se horisonne, oor watter moontlikhede daar vir hulle toekoms is, kom verbreed.

Moenie ons **volgende een**, op **Vrydag 16 Mei**, misloop nie.

DEBAT

Ons senior span, bestaande uit Emile du Toit, Thea Kotzé en Danielle Wilkinson, het oudergewoonte gewys waartoe hul gladde bekke in staat is. Hulle haal die Gauteng-finaal van die uiters kompeterende **DINK OF SINK-debatskompetisie**, waar hulle as naaswenners gekroon word. Wel gedaan.

Foto: Hier is Danielle, Emile en Thea saam met die gewilde sangduo, *Ons*

KOOR

Die musiekguru, Ludwig van Beethoven se siening: *Music can change the world* is weer bevestig tydens ons Helpmekaar-koorfees, die Ad Libitum-koorfees.

Van die eerste harmonie tot die laaste noot was pure vreugde. Die kore van Hoërskool Noordheuwel, Hoërskool Linden en Parktown Girls High, saam met Helpmekaar se koor, het musiek van uitstaande gehalte gelewer.

Ons koordirigent, Franco Prinsloo, en begeleier, Faye Prinsloo, kan trots wees op die Helpies wat ses werke met groot verskeidenheid kon opvoer.

Die koor se volgende tuisoptrede sal tydens die Kultuuraand op 30 Mei 2025 wees. Kom stof gerus jou siel af.

Kultuuraand
Oudisies

Kom deel jou talente: sing, dans, drama, musiekvermaak, rap, vertelling of enige ander vorm van vermaak.

Volg dié stappe:

- Besluit wat jy wil doen
- Oefen, oefen, oefen
- Maak 'n video-opname (2 min maksimim)
- Gebruik die skakel om jou video op te laai.

SKAKEL

SLUITNGSDATUM VIR DIE OPNAMES:
Vrydag, 9 Mei 2025

Kultuuraand vind plaas op 30 Mei.

Daar is beslis 'n verrassing of twee...
Kom deel die verhoog met bekendes!

Adverteer in die NUUSBRIEF

Halfblad @ R 1500

Bespreek by rozelle.visser@helpmekaar.co.za

- Stuur u advertensie in JPEG of PNG
- Alternatiewelik kan u 'n hoë resolusie foto van u logo stuur en die info wat u in die advertensie wil hê.

Bankbesonderhede

Helpmekaar Kollege
ABSA BANK
Takkode: 632005
Reknommer: 406 683 1879
Verwysing: Nuusbrief + Besigheid se naam

Leendert Koekemoer het vandag in Potchefstroom die staande 400 m SA-rekord (Riaan Dempers 1994) van 45.15s gebreek deur dit in 'n blitsige 45.03s te hardloop in die semi-finaal.

Skakel gerus in vir die finaal môremiddag om 14:55 op SuperSport Variety 4 (op DSTV).

HOKKIE

'n Allemintige **70 hokkiewedstryde** is gedurende die Maart/April-vakansie gespeel.

Ons deel die hoogtepunte:

Die **eerste meisiespan** is onoorwonne by die *HeronBridge Festival* - hulle teken altesaam 33 doele aan en 0 doele word teen hulle aangeteken.

Die o.16 A-meisiespan maak geskiedenis deur die eerste span te wees om die Menlopark o.16 A-fees te wen.
Aila Smith word ook as die *goalkeeper* van die toernooi aangewys.

Baie geluk aan die volgende seuns wat tot die **Suid-Gautengspan** verkies is:

JL Venter
o.14 A

Cullen van Deventer
o.14-blou

Francois Langenhoven
o.14-geel

Kristian van Gaalen
o.16-blou

Juandre Verwey
o.18 C

Ons was weer die trotse gasheer van Helpmekaar se jaarlikse Goue Liga o.16 B-hokkietoernooi.

NETBAL

Baie geluk aan die volgende spelers wat ingesluit is by hul onderskeie ouderdomsgroepe se **Gautengspan.**

Kimberly Amiras

Ané Verster

Mia Moore

Logan Bothma

Giselle Maritz

Teneal de Jong

Elbe janse van Rensburg

Symohne Schutte

Mignon Theunissen

Lisa Blom

Carla Boshoff

Biancha Weideman

Danika Mouton

Taylin de Jong

Zioné Fourie

Suené Pretorius

Lenka du Toit

Mila Smith

ROTSKLIM

Roux Wentzel (gr. 9) is verkies tot die ***South African Youth Sport Climbing Protea Team*** van 2025. Hy gaan vanaf 28 Julie tot 3 Augustus aan die *Youth World Chamionships* in Helsinki, Finland deelneem.

Daar is 'n ***BackaBuddy***-projek begin om Roux te help om hierdie besondere geleentheid te kan meemaak.

BackaBuddy

SKAAK

Edward Potgieter, Kayla Butler, Adriano Goncalves, Chris Botha, Cathri Botha, Freddy Rademeyer en Zelneri Moorcroft het sake uitgespook teen die beste spelers in die land toe hulle onlangs aan die ***South African Junior Closed Chess Championship,*** die taaiste toernooi in die land, deelgeneem het.

- Cathri Botha verwerf die vyfde plek in die o.14-meisies-afdeling.

- Edward Potgieter behaal 'n sewende plek in die o.18-afdeling.

- Kayla Butler eindig sesde in die o.18-meisies-afdeling.

TENNIS

Die eerste seunspan het die afgelope naweek nogmaals gewys waarom hulle ’n gerekende krag in die tenniswêreld is. Hulle slaag daarin om die finaal van die gesogte Saints Sports Festival te haal. Op pad daarheen reken hulle met die volgende spanne af:

St Benedict's 8-1
Maritzburg College 9-0
Grey Kollege 6-3
Pretoria Boys High 5-0 (semifinaal)

Na ’n titaniese stryd in die finaal, kry die verdedigende kampioene, St Stithians College, ongelukkig net-net die oorhand. Baie geluk met ’n welverdiende silwer medalje.

RUGBY

PAASNAWEEK-UITSLAE

Parktown Boys High Festival: o.14

Helpmekaar vs St. John's 104 - 0
Helpmekaar vs Parktown Boys 76 - 0

St. John's Festival: o.16 A

Helpmekaar vs Pretoria Boys High 23 - 11

St. Dunstan's Festival: (Tweedes/Derdes)

Helpmekaar vs St. George's (Zim): 43 - 19
Helpmekaar vs Lomagundi College (Zim): 10 - 10
Helpmekaar vs Springs Boys High: 7 - 3

Saints Easter Festival: Eerstes

Helpmekaar vs Bishops 38 - 12

Helpmekaar vs Wynberg 18 - 17

ATLETIEK

SA Skole-byeenkoms

Medaljewenners

Jan-Hendrik Heymans

GOUD
Spiesgooi

Hanro van den Berg

SILWER
Spiesgooi

Cessandra Raath

SILWER
400 m-hekkies

Miele van Eyssen

BRONS
Spiesgooi

REÜNIES

6 September: **1985**-matrieks
25 Oktober: **1975**-matrieks
1 November: **2005**-matrieks
8 November: **1965**-matrieks
29 November: **1995**-matrieks
6 Desember: **2015**-matrieks

JUKSKEI

Tydens die afgelope vakansie het die ***SA Senior Jukskei-kampioenskappe*** in Kroonstad plaasgevind.

Hierdie kampioenskappe is slegs vir spelers bo die ouderdom van 16 jaar en strek tot afdelings van Mans/Vroue bo 60 jaar.

Uitslae:
Aidan Labuschaigne (gr. 11) het in die o.30-afdeling Goud verwerf.

Juf. Ju-hanie Wilken het in die o.30-dubbelsafdeling 'n tweede plek verwerf.

ALUMNI

Baie geluk aan **Dylan Eksteen** (klas van 2018) wat sy meestersgraad in Megatroniese Ingenieurswese aan die Univeristeit van Stellenbosch verwerf het - *Cum Laude*.

RUITERSPORT

Baie geluk aan **Anlia Bekker (gr. 9)** en **Liam Venter (gr. 9)** wat beide top 5-posisies in die Q1 van die *Noordwes Core League* behaal het.



BUITESPORT

Baie geluk aan **Caiden Bouwer (gr.11)** wat verkies is tot die Proteaspan wat in Mei aan die IMMAF Afrika-kampioenskappe gaan deelneem.

PERSONEELSAKE

Ons is trots op juf. **Danelle Weideman** wat aangewys is as die bestuurder van Gauteng-netbal vir die *All Ages*-toernooi

Ons is opgewonde saam met mnr. **Marius van Rooyen** wat die afgelope naweek verloof geraak het aan Chanel Louw.

BOOGSKIET

Die Helpie-skuts het op 12 April aan 'n 3D-kompetisie in Centurion deelgeneem. **Shane Cooke (gr. 11)** behaal 'n algehele tweede plek in die seuns-afdeling en **Amber Dell (gr. 11)** eindig algeheel derde in die meisies-afdeling.

GROENKLUB

Tydens die vakansie het 34 matrikulante die grens na Namibië oorgesteek en vir die week op die Oranjerivier gaan roei.

Hier het hulle die geleentheid gehad om af te skakel van die stad se geraas en in te skakel by mekaar. Sonder tegnologie en met die selfoon by die huis, kon hulle weer met mekaar “connect” en die stilte van die natuur gebruik om hul beker vol te maak. Daar is geroei, gestoei, kampvuurkonsert gehou en visgevang. Saans het die sterrehemel hulle betower. Met kano en spaan is die weg na ʼn stiller, voller matriekbeker gebaan.

Festa
DI VINO
2025

SATERDAG
13 SEPTEMBER

18:00 VIR 18:30

HELPMEKAAR KOLLEGE
VRIENDE VAN HELPMEKAAR

NAVRAE EN BESPREKINGS:
NITA CRONJÉ
trust@helpmekaar.co.za
082 577 0102